**MAANDAG 30 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 4:18-5:21 (OAV)**

**FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 4:24-26**

## Hou jou eie huis in orde

Die Here, ons Verbondsgod, eis dat Farao nie in die pad van sy verbondsbeloftes mag staan nie. Hy eis dit van almal, selfs ook van Moses. Indien Moses in die pad sou staan van God se verbond wat van geslag tot geslag strek, sal dieselfde toorngloed hom tref as die huis van Farao. Moses was nalatig met die besnydenis van sy tweede seun. Die besnydenis was die Ou-Testamentiese teken van die verbond van God met sy kinders. God wil elke man wat sy verbond met sy volk minag, selfs hulle wat die verbondsteken nalaat, doodmaak. Hierdie doodsgevaar waarin Moses verkeer, kon slegs deur die gehoorsame afhandeling van die besnydenis afgeweer word.

Hoe ligweg kan mense soms vandag oor die doop as Nuwe-Testamentiese verbondsteken praat en handel? Ons sal weer ons eie huise in orde moet kry. Die doop en doopsbeloftes moet weer hulle regmatige plek in die opvoeding en onderwys van ons kinders inneem. Leef self ook as gedoopte vanuit die heilige verbintenis met God.

Deur die bloed van Eliëser se besnydenis, is Moses as gesinshoof aan Sippora teruggegee en noem sy hom haar "bloedbruidegom". Wat sy nie besef nie, is dat Moses deur die besnydenis ook aan sy volk as hoof gegee is om hulle uit die huishouding van Egipte uit te lei.

So is Jesus Christus ook aan ons as Hoof gegee. Dit het ook deur die vloei van bloed geskied, maar deur sy eie bloed. Hy is ons Bloedbruidegom.

In Christus moet ons God leer ken in die strengheid van sy reg, in die verskrikking van sy toorn en in sy vlammende liefdesywer vir sy verbondseiendom.

*Sing: Psalm 105:5*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)*